

KINDERTUINONDERWYS IN KAAPLAND,
MET BESONDERE VERWYSING NA
NOORD-KAAPLAND

deur

IGNATIUS SOLOMON TERBLANCHE, M.A., M.Ed.

PROEFSKRIF INGELEWER TER GEDEELTELIKE NAKOMING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR EDUCATIONIS

IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE,

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

1966

PROMOTOR: PROF. DR. B.C. SCHUTTE.

By die opstel van my vraelys het ek uit die kennis en ervaring van baie mense geput, maar ek moet die volgende spesiaal en met groot dankbaarheid vermeld: mej. A.M. Ball, vroeër kindertuininspektrise by die Kaaplandse Onderwysdepartement en tans senior-inspektrise by die Departement van Kleurlingsake; mev. C. Stramrood, dosente aan die Opleidingskollege, Paarl; mnr. A.J.C. Cumpsty, kindertuininspekteur by die Kaaplandse Onderwysdepartement; en mnr. I.W. van Rensburg, hoof van die Laerskool Prieska.

My hartlike dank aan die Kaaplandse Onderwysdepartement wat so geredelik toegestem het dat leerkragte in Noord-Kaapland my vraelys mag voltooi. Waar sodanige toestemming in laaste instansie deur die hoof van die Onderwysdepartement verleen moes word, bedank ek graag die Superintendent-generaal van Onderwys, dr. G.J.J. Smit, daarvoor, asook vir sy aanmoediging en persoonlike belangstelling in my navorsing vandat ek in 1961 daarmee begin het.

Nog 'n hooggeplaaste amptenaar van die Departement aan wie ek baie dank verskuldig is vir sy hulp by meer as een geleentheid, is mnr. C.R. Venter, Hoofinspekteur van Skole.

'n Besondere woord van dank aan die volgende inspekteurs van skole in Noord-Kaapland vir hul samewerking en die hulp wat hulle met betrekking tot die voltooiing van die vraelys verleen het: mnre. J.B. de Jager (De Aar), R.J.C. Sahlertz (Kimberley), A.S. du P. le Roux (Upington), J.D. Theron (Barkly-Wes) en A.J. Keulder (Vryburg).

Al die skoolhoofde en hulponderwysers(-esse) in Noord-Kaapland wat die vraelys voltooi het, word ook van my opregte dank verseker.

Van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het ek ad hoc-toekennings ten bedrae van altesaam R400 ontvang om oor 'n tydperk van etlike jare my reis- en verblyfkooste in verband met my navorsing te dek; en toe ek my van

Januarie tot Julie 1965 op Potchefstroom voltyds aan die studie gewy het, het ek 'n beurs ten bedrae van R250 ontvang. Graag verseker ek die Raad ook hier van my dank vir die geldelike steun.

Orals waar ek navorsing gedoen het, het ek niks anders as vriendelikheid en diensvaardigheid ondervind nie; tog moet ek spesiale melding maak van die buitengewone hulpvaardigheid wat deur prof. H.C. van Rooy, Universiteitsbibliotekaris op Potchefstroom, en sy personeel, asook deur mej. A.L. Stephens, van die biblioteek van die Kaaplandse Onderwysdepartement, en haar personeel aan die dag gelê is. My innige dank aan hulle almal.

Ek sal nie eens probeër om my vrou te bedank vir haar aanmoediging, besieling, opoffering en daadwerklike hulp nie. Ek kan maar net sê: BAIE dankie, Sannatjie. Ook aan my kinders sê ek dankie vir hul belangstelling in my studie en die hulp wat hulle al vier op verskillende tye en verskillende wyses verleen het.

Ten slotte word die Gewer van alle goeie gawes die dank van my hart toegebring vir gesondheid en al die nodige eienskappe wat my in staat gestel het om te volhard - dikwels in baie moeilike omstandighede - om hierdie studie te voltooi en daardeur 'n lewensideaal te verwesenlik.

I.S. TERBLANCHE.

KIMBERLEY,
3 Januarie 1966.

Met liefde en erkentlikheid

opgedra aan

die nagedagtenis van

M Y O U E R S.

Wat sal tog van hierdie kindjie word? .

(Luk. 1 : 66)

Lasst uns unsern Kindern leben.

(Froebel)

An ounce of enthusiasm is worth more
than a ton of mechanical procedures.

(E.A. Betts)

I N H O U D S O P G A W E .

Bladsy

INLEIDING.

1-4

1. Probleem- en doelstelling 1
2. Die metode van die ondersoek 3

AFDELING A.

V E R K L A R E N D.

HOOFSTUK I.

BEGRIPSBEPALING EN TERMINOLOGIE.

5-18

1. Kindertuin 5
2. Kleinkinderskole en voorbereidingskole 9
3. Standerds, substanderds en „below standard“ 12
4. Van wanneer af en waarom word standerd I by die kindertuin ingedeel? 15
5. Kleuters en kleuterskole 18

AFDELING B.

H I S T O R I E S.

HOOFSTUK II.

KLEINKINDERONDERWYS VOOR DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT IN 1839 EN GEDURENDE DIE EERSTE HALFEEU DAARNA.

19-43

1. Die eerste skole aan die Kaap 19
2. Die Ordonnansie van De Chavonnes 20
3. Privaatskole en privaatonderwysers 21
4. Die begin van die 19de eeu 22
5. Die „South African Infant School Society“ en sy kleinkinderskole 23
6. Die totstandkoming van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die aanstelling van die eerste Superintendent-generaal van Onderwys 28
7. Die eerste S.G.O. se indeling van die werk in die skole 29

8.	Rondreisende onderwysers	31
9.	Die tweede S.G.O. se pogings om die onderwys te verbeter, en die standaard wat deur hom gestel is	32
10.	Die gehalte van die onderwys	35
11.	Aandag aan die hoër klasse ten koste van die leerlinge in die aanvangsklasse	40
12.	Die waarde van die kleinkinderskole	42
13.	Akkommodasie en uitrusting	42

HOOFSTUK III.

DIE VESTIGING VAN KINDERTUINONDERWYS IN KAAPLAND,

1900 - 1920.

44-64

1.	Leemtes en tekortkominge ten opsigte van kleinkinderonderwys	44
2.	Die aanstelling van kindertuininstruktrises	45
	(a) Die eerste kindertuininstruktrises	45
	(b) Hul pligte	46
	(c) Wat hulle tot stand gebring het	46
	(d) Tweetaligheid	48
3.	Die opleiding van kindertuinonderwyseresse	49
	(a) Die behoefte aan opgeleide onderwyseresse	49
	(b) Die eerste opleidingsinrigtings	50
	(c) Die werk vorder	52
	(d) Die waarde van die opleiding	54
	(e) Aanbevelings van die Fremantle-kommissie	55
	(f) Wysiging in die vereistes vir die Laer Kindertuineksamen	56
	(g) Tweetaligheidsendossement	56
4.	Die eerste pamflet oor kindertuinwerk	57
5.	Die belangrikheid van kindertuinwerk	58
6.	Die beste onderwyseresse is vir die kindertuin nodig	59
7.	Klagtes teen kleinkinderskole	60
	(a) Kindertuinwerk word oordryf	60
	(b) Sommige leerlinge in die kindertuinklasse is te oud	62
8.	Vordering	63

HOOFSTUK IV.

ONTWIKKELINGE SEDERT 1921.

65-81

1.	'n Nuwe opleidingskursus	65
2.	Die werk in kleinkinderskole	66
3.	Wenke vir onderwysers(-esse)	68
4.	Die gehalte van die onderwys	69
5.	Skoolure	72

6.	Die tekort aan opgeleide kindertuinonderwyseresse	73
7.	Die opleiding van kindertuinonderwyseresse	74
8.	Kindertuininspektrises	76
9.	Die kwota leerlinge per onderwyser(-es)	77
10.	Die persentasie leerlinge in die kindertuinklas- se	79

HOOFSTUK V.

DIE TOELATINGSOUDERDOM VAN LEERLINGE EN VERPLIGTE SKOOLBESOEK.

82-99

1.	Toelatingsouderdom: 'n Kort samevatting vooraf	82
2.	Toelatingsouderdom: 'n Historiese oorsig	83
	(a) Ordonnansie nr. 8 van 1919	83
	(b) Ordonnansie nr. 5 van 1921	85
	(c) Ordonnansie nr. 12 van 1941	88
	(d) Ordonnansie nr. 10 van 1950	90
	(e) Ordonnansie nr. 20 van 1956	92
3.	Verpligte skoolbesoek: 'n Historiese oorsig	94
	(a) Omstandighede voor die instelling van leerplig in 1905	94
	(b) Die leerpligtige leeftyd sedert 1905	97

AFDELING C.

EMPIRIES.

HOOFSTUK VI.

DIE OPSTEL VAN 'N GESKIKTE VRAELYS EN DIE AGTERGROND VAN DIE BEVINDINGS

100-116

1.	Besonderhede insake die vraelys	100
	(a) Waarom 'n vraelys gebruik is	100
	(b) Hoe die vraelys opgestel is	100
	(c) Die inhoud van die vraelys	101
	(d) Waar die betrokke leerkragte werksaam is	102
	(e) Verlof om die vraelys te laat voltooi	104
	(f) Aan wie die vraelys versend is	104
	(g) Die begeleidende skrywe	105
	(h) Die reaksie op die vraelys	106
	(i) Hoe die vraelys beantwoord is	107
	(j) Die betroubaarheid van die antwoorde	107
2.	Besonderhede insake die skole en die onder- wysers(-esse) wat die vraelys voltooi het	108

HOOFSTUK VII.

<u>DIE TOELATING VAN LEERLINGE EN DIE WERK IN DIE</u>	
<u>KINDERTUIN.</u>	117-148
1. Toelatingsouderdom	117
(a) Die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind	117
(b) Die huidige toelatingsouderdomme in die verskillende provinsies van die Republiek, Suidwes-Afrika en oorsese lande	119
(c) Proefnemings en beskouings betreffende die beste toelatingsouderdom	120
(d) Samevatting	127
2. Skoolrypheidstoetse	128
3. Toelatingsdatum(s) vir skoolbeginners	131
4. Die duur van die kursus vir die substanderds	132
5. Behoort 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys te gee?	135
(a) Die menings van leerkrigte in Noord-Kaapland	135
(b) Hul redes vir dié menings	136
(c) Verdere bespreking en gevolgtrekking	138
6. Bekwaamheidsgroepering	139
(a) Is die leerkrigte ten gunste daarvan?	139
(b) Vir watter vakke word daar gegroepeer?	142
(c) Is die verskillende groepe gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig?	143
(d) Word leerlinge soms van een groep na 'n ander oorgeplaas?	144
7. Moet daar toetse/eksamens in die substanderds wees?	145
8. Moet daar in die kindertuin punte toegeken word, of slegs simbole?	147

HOOFSTUK VIII.

<u>ORGANISASIE VAN DIE KINDERTUINKLASSE.</u>	149-176
1. Uitrusting en geriewe in 'n kindertuinkamer	149
2. Die gebruik van 'n sandbak	151
3. Die waarde van filmonderwys	153
4. Hoeveel uur per week behoort daar vir Godsdiensonderrig, Sang, Gesondheidsleer, Liggaamlike Opvoeding, Omgewingsleer, Kuns en Handwerk afgestaan te word?	155
5. Dissipline in kindertuinklasse	160
6. Doeltreffende strafmiddels	163
7. Moet daar jaarliks 'n Ouersdag by die skool gereël word?	166
8. Behoort daar meer voorbereidingskole gestig te word?	168

9.	Die bevordering van kindertuinleerlinge	172
(a)	Wie behoort daarvoor te besluit?	172
(b)	Wanneer is vir 'n leerling wat die werk moeilik vind, die beste om te druipe?	174

HOOFSTUK IX.

PERSONEELVOORSIENING; INSPEKSIE; DIE KINDERTUIN- ONDERWYSERES.

177-204

1.	Personeelvoorsiening	177
(a)	Behoort daar vir die kindertuin 'n ruimer personeelvoorsiening as vir standerds II - V te wees?	177
(b)	Die maksimum aantal leerlinge vir 'n kindertuinklas	179
2.	Inspeksie	181
(a)	Hoe dikwels behoort 'n kindertuininspektise elke skool vir inspeksie te besoek?	181
(b)	Is die huidige inspeksiestelsel ten opsigte van kindertuinklasse in Kaapland bevredigend?	183
(c)	Die leiding wat kindertuinonderwyseresse van die omgangsinspekteur kry	186
3.	Die kindertuinonderwyseres	188
(a)	Huisbesoek deur die onderwyseres	188
(b)	Is kindertuinopleiding noodsaaklik vir subst. A- en B-onderwyseresse?	190
(c)	Die salaris van kindertuinonderwyseresse	192
(d)	Mans as onderwysers in die substanderds	194
(e)	Word 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat?	196
(f)	Die tien belangrikste eienskappe in 'n kindertuinonderwyseres	199

HOOFSTUK X.

LEESGEREEDHEID EN AANVANGSLEESONDERRIG

205-229

1.	Leesgereedheid	205
(a)	Die belangrikheid van leesgereedheid	205
(b)	Die bepaling van leesgereedheid	207
(i)	Emosionele gereedheid	207
(ii)	Sosiale gereedheid	208
(iii)	Liggaamlike ontwikkeling en handvaardigheid	208
(iv)	Ervaringsagtergrond	208
(v)	Visuele en auditiewe diskriminasie	209
(vi)	Taalvermoë	209
(vii)	Die begeerte om te kan lees	209
(viii)	Chronologiese en verstandsonderdom	210

(c)	Leesgereedheidstoetse	211
(d)	'n Bespreking van leesgereedheidstoetse na aanleiding van Noord-Kaaplandse onder- wysers(-esse) se beskouings daaroor	212
2.	Aanvangsleesonderrig	214
(a)	Die metode wat deur onderwysers(-esse) in Noord-Kaapland verkies word	214
(b)	Die verskillende metodes van aanvangslees- onderrig	215
(i)	Sintetiese metodes:	215
	(1) Die alfabetmetode	216
	(2) Die klankmetode	216
	(3) Die lettergreepmetode	216
(ii)	Analitiese metodes:	216
	(1) Die woordmetode	216
	(2) Die sinsmetode	217
	(3) Die storiemetode	217
(iii)	Die globale metode	217
(c)	Wanneer behoort leerlinge te begin klank?	217
(d)	Voor- en nadele van die klankmetode	219
(e)	Help die klankmetode kinders om goed te leer spel?	221
(f)	Proefnemings in verband met verskillende metodes	222
(g)	Is daar enige metode van aanvangslees- onderrig wat beter as ander metodes is?	224
3.	Die sogenaamde i.t.a.	226
4.	Behoort twee- en driejariges te leer lees?	228

HOOFSTUK XI.

DIE TALE.

230-250

1.	Leeshoekies	230
2.	Aanvullende leeswerk	232
3.	Stillees	233
4.	Dramatisering	235
5.	Die eerste taal	236
	(a) Mondelinge stel	236
	(b) Skriftelike stel	237
	(c) Skriftelike taalwerk	238
6.	Die tweede taal	239
	(a) Lees	239
	(b) Voordrag	242
	(c) Mondelinge werk	243
7.	Leestekens	247
8.	Die alfabet	248
9.	Formele spelwerk (of diktee) in die tweede taal	249

HOOFSTUK XII.GETALWERK.

251-267

1.	Gereedheid vir getalwerk	251
2.	Konkrete leermiddels	253
3.	Optel- en aftreksamestellings	255
	(a) Optelsamestellings in subst. A	255
	(b) Aftreksamestellings	257
4.	Hersiening in subst. B en st. I	259
5.	Vermenigvuldigings- en verdelingstafels	261
6.	Cuisenaire en ander stafie-metodes	264

HOOFSTUK XIII.SKRIF.

268-286

1.	Skrifgereedheid	268
	(a) Gereedmaking	268
	(b) Gereedheid vir formele skrifonderrig	271
2.	Hoe dikwels subst. A-leerlinge op die skryfbord en elders krabbel	274
3.	Skrifpatrone	275
4.	Die aanleer van hoofletters	277
5.	Spasiëring	278
6.	Liniëring	280
7.	Druk- en lopende skrif	283

HOOFSTUK XIV.SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS.

287-308

I. SAMEVATTING. 287

(Begripsbepaling en historiese oorsig)

1.	Verklaring van benamings en begrippe in verband met kindertuinonderwys	287
2.	Die ontwikkeling van kindertuinonderwys in Kaapland	288

II. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS. 292

(Na aanleiding van die vraelysstudie)

1.	Ter inleiding	292
2.	Die metodes en prosedures wat deur die respondente gevolg word, en hul beskouings oor bepaalde aangeleenthede	294

(i) Algemeen	294
(ii) Die tale	298
(iii) Getalwerk	301
(iv) Skrif	303
3. Aanbevelings ter oorweging vir die Kaaplandse Onderwysdepartement	304
4. Die noodsaaklikheid van verdere navorsing	307

BIBLIOGRAFIE.

	309-329
A. Boeke	309
B. Tydskrifartikels	317
C. Ongepubliseerde proefskrifte en verhandelings	326
D. Onderwysverslae en -ordonnansies, pamflette, memoranda en briewe	327
BYLAE A	330-340
BYLAE B	341-342

<u>Nommer</u>	<u>LYS VAN TABELLE.</u>	<u>Bladsy</u>
1	Toename in die aantal opgeleide kinder- tuinonderwyseresse	75
2	Vergelyking tussen die persentasie blanke leerlinge in kleinkinderklasse in 1900-1904 en in 1959-1963	80
3	Aantal, klas en grootte van skole waarheen vraelyste gestuur is	105
4	Aantal leerkragte in verskillende klasse van skole	108
5	Aantal leerkragte in verskillende soorte skole	108
6	Die geslag van die leerkragte	109
7	Betrekking deur leerkragte beklee	109
8	Hoedanigheid waarin betrekking beklee word	109
9	Opvoedkundige kwalifikasies	110
10	Plek van opleiding	111
11	Huistaal en voertaal by die onderrig	111
12	Onderwysondervinding van leerkragte	112
13	Ondervinding van kindertuinwerk	112
14	Grootte van klasse	113
15	Standerds waarvoor die leerkragte verant- woordelik is	114
16	Hoeveel uur per week vry	114
17	Uur per week onderwys in hoër klasse	115
18	Uur per week aan maak van apparaat bestee	116
19	Die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind	117
20	Die wenslikheid van 'n skoolrypheidstoets	128
21	Moet skoolbeginners in Julie ook toegelaat word?	131
22	Hoe lank behoort 'n kind in die substanderds te bly?	132
23	Moet 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standaard onderwys gee?	135

24	Redes vir 'n bevestigende antwoord op vraag 5 (sien Bylae A)	136
25	Redes vir 'n ontkennende antwoord op vraag 5	137
26	Is u ten gunste van bekwaamheidsgroepe?	139
27	Vir watter vakke groepeer u?	142
28	Is die bekwaamheidsgroepe gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig?	143
29	Word leerlinge soms van een bekwaamheidsgroep na 'n ander oorgeplaas?	144
30	Is u ten gunste van toetse/eksamens in (a) subst. A; (b) subst. B?	146
31	Moet daar punte toegeken word, of slegs simbole?	147
32	Watter uitrusting en/of geriewe ag u noodsaaklik vir 'n kindertuinkamer?	149
33	Maak u gebruik van 'n sandbak?	151
34	Waarvoor gebruik u 'n sandbak?	151
35	Maak u van filmonderwys gebruik?	153
36	Waarvoor vind u filmonderwys veral nuttig?	154
37(a)	Hoeveel uur per week behoort daar in subst. A en subst. B vir Godsdiensonderrig, Sang, Gesondheidsleer, Liggaamlike Opvoeding, Omgewingsleer, Kuns en Handwerk afgestaan te word?	156
37(b)	Hoeveel uur per week behoort daar in st. I vir Godsdiensonderrig, Sang, Gesondheidsleer, Liggaamlike Opvoeding, Omgewingsleer, Kuns en Handwerk afgestaan te word?	157
38	Stem u saam dat die dissipline in kindertuin-klasse nie streng genoeg is nie?	161
39	Watter strafmiddels vind u doeltreffend?	163
40	Die drie strafmiddels wat u die doeltreffendste vind	163
41	Is u ten gunste van 'n Ouersdag by u skool?	166
42	Behoort daar meer voorbereidingskole gestig te word?	168
43	Redes vir 'n bevestigende antwoord op vraag 23	168
44	Redes vir 'n ontkennende antwoord op vraag 23	169
45	Wie behoort oor die bevordering van die leerlinge te besluit?	172

46	Wanneer behoort 'n swak leerling te druip?	174
47	Behoort daar vir die kindertuin 'n ruimer personeelvoorsiening as vir standerds II - V te wees?	177
48	Redes vir 'n bevestigende antwoord op vraag 25	177
49	Redes vir 'n ontkennde antwoord op vraag 25	177
50	Die maksimum aantal leerlinge vir 'n kindertuinklas	179
51	Inspeksie deur die kindertuininspektise: hoe dikwels?	182
52	Vind u die huidige inspeksiestelsel in Kaapland bevredigend?	183
53	Redes vir 'n bevestigende antwoord op vraag 33	184
54	Redes vir 'n ontkennde antwoord op vraag 33	184
55	Kry kindertuinonderwysers(-esse) voldoende leiding van die Omgangsinspekteur?	187
56	Hoe dikwels besoek u die ouers van die leerlinge in u klas?	188
57	Is kindertuinopleiding noodsaaklik vir subst. A- en B-onderwyseresse?	190
58	Behoort die salaris van 'n kindertuinonderwyseres 'n kerf hoër te wees?	192
59	Is u ten gunste daarvan dat mans vir die substanderds onderwys gee?	194
60	Redes vir 'n ontkennde antwoord op vraag 30	194
61	Word 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat om haar eie metode(s) te volg en selfs te eksperimenteer?	196
62	Redes vir 'n ontkennde antwoord op vraag 38(a)	197
63(a)	Die tien belangrikste eienskappe in 'n kindertuinonderwyseres	200
63(b)	Die tien belangrikste eienskappe in 'n onderwyser(es)	202
64	Moet subst. A-leerlinge 'n leesgereedheidstoets aflê?	212
65	Metodes vir aanvangsleesonderrig	214
66	Wanneer behoort subst. A-leerlinge te begin klank?	218
67	Maak u gebruik van leeshoekies?	230
68	Leermiddels en aktiwiteite wat in leeshoekies gebruik word	230

69	Ander leesreeks vir aanvullende leeswerk in subst. B en st. I	232
70	Behoort st. I gereeld die geleentheid te kry om stillees te beoefen?	234
71	Hoeveel uur per week behoort daar in st. I aan stillees bestee te word?	234
72	Dramatisering by mondelinge stel	235
73	Mondelinge stel in die eerste taal: tyd per week daaraan bestee	236
74	Formele onderrig in skriftelike stel (eerste taal)	238
75	Skriftelike taalwerk (eerste taal)	238
76	Wanneer moet daar met lees in die tweede taal begin word?	239
77	Wanneer moet daar met voordrag in die tweede taal begin word?	242
78	Wanneer moet daar met mondelinge werk in die tweede taal begin word?	243
79	Hoe dikwels maak u van die storie-metode vir mondelinge werk in die tweede taal gebruik?	244
80	Wanneer behoort daar met die storie-metode (tweede taal) in subst. A begin te word?	245
81	Watter werk (benewens die storie-metode) moet in tweede taal-mondeling gedoen word?	246
82	Van wanneer af moet leestekens aandag geniet?	247
83	Wanneer behoort die alfabet in die leerlinge se moedertaal aangeleer te word?	248
84	Wanneer behoort die alfabet in die leerlinge se tweede taal aangeleer te word?	248
85	Formele spelwerk (of diktee) in die tweede taal	250
86	Die bepaling van gereedheid vir getalwerk	251
87	Konkrete leermiddels: hoe dikwels in subst. A gebruik?	253
88	Optelsamestellings: hoe ver behoort subst. A te vorder?	256
89	Behoort optel- en aftreksamestellings gelyktydig aangeleer te word?	257
90	Wanneer behoort daar met aftreksamestellings begin te word?	257
91	Hersiening: hoeveel tyd moet in subst. B en st. I daaraan bestee word voordat met nuwe werk begin word?	260

92	Vermenigvuldigingstafels: van wanneer af moet dit aangeleer word?	261
93	Vermenigvuldigings- en verdelingstafels: stem u saam met die bepalings in die leerplan?	263
94	Het u ondervinding van Cuisenaire of ander stafie-metodes?	264
95	Formele skrifonderrig: is gereedmaking noodsaaklik?	268
96	Aktiwiteite om spierbeheer by die leerlinge te ontwikkel	270
97	Die leeftyd waarop 'n kind vir formele skrifonderrig gereed is	271
98	Die bepaling van gereedheid vir formele skrifonderrig	273
99	Hoe dikwels krabbel subst. A-leerlinge?	274
100	Word subst. A-leerlinge toegelaat om skrifpatrone te oefen?	275
101	Wanneer met skrifpatrone in subst. A begin word	276
102	Hoofletters: wanneer moet daarmee begin word?	277
103	Korrekte spasiëring: wanneer moet dit geleer word?	278
104	Korrekte spasiëring: hoe word die leerlinge gehelp?	279
105	Verskil in liniëring van skryfboeke vir verskillende stadiums in die kindertuin: is dit bevredigend?	280
106	Is u ten gunste van gewone liniëring deurgaans?	281
107	Lopende skrif: wanneer moet daarmee begin word?	283

I N L E I D I N G .

1. Probleem- en doelstelling.

Oor die belangrikheid van kleinkinderonderwys het daar nog nooit twyfel bestaan nie en die belangrikheid daarvan word tans al hoe meer besef. In sy openingsrede op 'n konferensie oor „Die opvoeding van die vyf-plus kind" wat op 14 en 15 Junie 1948 in Kaapstad gehou is, het die Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, dr. W. de Vos Malan, daarop gewys dat, terwyl die eerste wêreldoorlog die aanleiding was tot buitengewone aandag aan die opvoeding van die kind in sy adolessensie-tydperk, die uitwerking van die tweede wêreldoorlog vir die onderwyswêreld „as 't ware 'n herontdekking van die belangrikheid van die heel klein kind (was), tesame met die waarhede wat pedagoë soos Pestalozzi, Froebel, Montessori, Dewey en ander uit 'n vorige eeu alreeds aan die wêreld geopenbaar het.“¹⁾

Tereg wys dr. Alida Grey daarop dat in vergelyking met ander afdelings van die onderwys en opvoeding, soos die hoër standerds van die laerskool en die verskillende standerds van die hoërskool, die substanderds op die gebied van navorsing tot dusver min aandag geniet het en dat navorsing ten opsigte van die voorskoolse kind en kleuterskoolwerk in Suid-Afrika van groter omvang is as dié oor aanvangsonderwys en die skoolbeginner.²⁾ En dit ten spyte van die feit dat die beginstadium van 'n kind se onderwys van die allergrootste belang is!

My werk as Inspekteur van Skole by die Kaaplandse Onderwysdepartement het my feitlik daaglik in aanraking gebring met die werk wat in voorbereidingskole en kinder-

1) Verslag van 'n konferensie: Die opvoeding van die vyf-plus kind, 1948, p. 1.

2) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 11-12.

tuinafdelings van hoër-, middelbare en laerskole verrig word. Toe ek begin navraag doen en ondersoek instel, het ek ontdek dat daar nog maar baie min navorsing oor kleinkinderonderwys in dié provinsie gedoen is. Met verloop van tyd het ek bewus geword van die vernaamste probleme wat ondervind word en ook vertrouwd geraak met die verskillende metodes — daar is dikwels 'n groot uiteenlopendheid — wat gevolg word. Aangesien dr. Roma Gans se stellings, „there is no BEST way to teach children how to read" en „the claim that one procedure is best for all, is rash nonsense,"³⁾ nie net vir aanvangsleesonderrig geld nie, het die gedagte ontstaan om 'n opname te maak van die metodes en prosedures wat in voorbereidingskole en kindertuinafdelings van hoër-, middelbare en laerskole in Kaapland gevolg word, sodat jong onderwysers(-esse) en selfs ervare leerkragte wat nie meer met hul eie metodes tevrede is nie, moontlik daardeur gehelp kan word. Dit het daartoe gelei dat hierdie ondersoek onderneem is met die doel om

- (i) die wese van kindertuin- of kleinkinderonderwys soos dit tans in Kaaplandse skole aangetref word, te bepaal;
- (ii) die betrokke onderwysers(-esse) se beskouings oor bepaalde aangeleenthede te verneem;
- (iii) sekere aspekte van die stelsel in Kaapland met dié in die ander provinsies van die Republiek, Suidwes-Afrika en oorsese lande te vergelyk;
- (iv) gevolgtrekkings te maak en aanbevelings te doen.

Tot Desember 1953 was die Kaaplandse Onderwysdepartement ook vir Bantoe-Onderwys in dié provinsie verantwoordelik en tot Desember 1963 vir Kleurlingonderwys.

3) Gans, Roma. There is no BEST way to teach children how to read. Grade Teacher, 82 : 42, Nov. 1964.

Hierdie proefskrif handel egter net oor die onderwys en opvoeding van blanke kinders.

2. Die metode van die ondersoek.

'n Vraelysstudie vorm die kern van hierdie ondersoek en dit is dus hoofsaaklik empiries. Omdat daar egter nog nie 'n geskiedenis van kindertuinonderwys in Kaapland geskryf is nie, is dit noodsaaklik geag dat 'n historiese oorsig gegee word van kleinkinderonderwys in Kaapland vanaf die stigting van die volksplanting aan die Kaap tot op die huidige dag. Dit word gedoen in vier hoofstukke (II, III, IV en V) in Afdeling B en die onderwerp word tematies behandel. Gesien die belangrikheid van die toelatingsouderdom van leerlinge en verpligte skoolbesoek (ook leerplig genoem), word 'n afsonderlike hoofstuk -- hoofstuk V -- daaraan gewy.

Afdeling B word deur 'n enkele hoofstuk in Afdeling A voorafgegaan. Dit bevat 'n verklaring van benamings en begrippe in verband met kleinkinderonderwys, ten einde verwarring te voorkom wat kan ontstaan deurdat verskillende benamings soms vir dieselfde begrip in die verskillende provinsies van die Republiek gebruik word.

Afdeling C, wat uit nege hoofstukke bestaan, bevat die tabulering en verwerking van die gegewens verkry uit die antwoorde op vrae in die vraelys, en 'n bespreking daarvan in die lig van die menings en uitsprake deur opvoedkundiges en/of navorsers in Kaapland en elders. Aan die begin van Afdeling C verskyn volledige besonderhede aangaande die wyse waarop die vraelys opgestel en aan onderwysers(-esse) vir beantwoording uitgestuur is. Die ondersoeker se gevolgtrekkings en aanbevelings verskyn ook in Afdeling C.

Die bevindings in hierdie proefskrif berus hoofsaaklik op gegewens wat verkry is uit gepubliseerde en on-

gepubliseerde bronne soos in die bibliografie bevat, plus antwoorde op die vrae in die vraelys, koerantverslae, amptelike en persoonlike briewe, asook persoonlike gesprekke met hooggeplaaste amptenare van die Departement, en persoonlike waarneming deur die ondersoeker in kindertuinklasse op verskillende plekke in die Kaapprovinsie, veral in Noord-Kaapland.